# BEdHons Fisiese wetenskappe-onderwys (09240003)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 128 |
| **Kontak** | Prof WJ Rauscher willem.rauscher@up.ac.za +27 (0)124205573 |

## Toelatingsvereistes

'n Kandidaat kan toegelaat word indien hy/sy in besit is van een van die volgende kwalifikasies:

- 'n Baccalaureusgraad en 'n onderwysdiploma/Nagraadse Sertifikaat in Onderwys (bv. BA + HOD); of
- 'n Vierjaar saamgestelde onderwysgerigte graad [bv. BA(Ed)]; of
- 'n M+4 onderwysdiploma onderhewig aan spesifieke goedkeuring en 'n toepaslike Gevorderde Diploma in Onderwys; of
- 'n Ander toepaslike akademiese kwalifikasie wat volgens die oordeel van die Dekaan toelating tot 'n bepaalde pakket regverdig.

## Addisionele vereistes

Die keuring is gebaseer op:

- voldoening aan die minimum toelatingsvereistes;
- vorige akademiese prestasies;
- toepaslike akademiese en/of onderwyservaring;
- beskikbaarheid van leiding vir die voorgeskrewe navorsingsprojek;
- bewese akademiese potensiaal, wat akademiese kommunikasie en rekenaarvaardighede insluit;
- 'n onderhoud kan ook addisioneel vereis word;
- die registrasie by professionele rade;
- finale diskresie lê by die departementshoof.

## Eksamens en slaagvereistes

Behoudens uitsonderings wat die Dekaan op aanbeveling van die Departementshoof goedkeur, kan 'n student hom of haar nie meer as twee maal vir die honneurseksamen in dieselfde module aanmeld nie.

'n Finalejaarstudent wat 'n maksimum van drie semestermodules of die ekwivalent daarvan gedruip het en 'n finale punt van minstens 40% in elkeen behaal het, kan deur die Dekaan toegelaat word om gedurende Januarie van die daaropvolgende jaar 'n spesiale eksamen in sodanige module(s) af te lê, mits die student daardeur aan alle vereistes vir die graad kan voldoen.

## Navorsing

'n Navorsingsprojek is verpligtend en moet volgens die voorskrifte van die betrokke departement voorberei en ingedien word vir eksaminering.

## Slaag met lof

Die graad word met lof verwerf indien die student 'n algehele gemiddelde van 75% behaal het, met 'n minimum van 70% in elke module.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 128**

Wanneer die voltydse opsie gekies word, moet al die "Fundamentele modules" en "Kernmodules" gekies word. Wanneer die deeltydse opsie gekies word, moet NMQ 745, EDS 711, CDD 710 en API 711 gekies word in die 1ste jaar en NMQ 755, PHN 730, SMP 780 en SCU 731 moet gekies word in die finale jaar.

## Fundamentele modules

Deel 1: Navorsingsvoorstel 755 (NMQ 755) - Krediete: 16.00
Deel 2: Navorsingsverslag 780 (SMP 780) - Krediete: 16.00

## Kernmodules

Assesseringsbenaderings en instrumente 711 (API 711) - Krediete: 16.00
Kurrikulumontwikkeling 710 (CDD 710) - Krediete: 16.00
Filosofie en sosiale imperatiewe in opvoedkunde 711 (EDS 711) - Krediete: 16.00
Opvoedkundige navorsingsmetodolgie 745 (NMQ 745) - Krediete: 16.00
Fisiesewetenskappe-onderwys 730 (PHN 730) - Krediete: 16.00
Kurrikulum van wetenskappe 731 (SCU 731) - Krediete: 16.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.